# KRUISGENOOT

10 Augustus 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# *Bid vir mekaar*

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton
Ronel Clappen

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 12 Augustus | - | Tjaard Bernard |
| 12 Augustus | - | Sally Geyer |
| 12 Augustus | - | Christen Naudé |
| 12 Augustus | - | Jan Vermeulen |
| 13 Augustus | - | Anike Scheepers |
| 14 Augustus | - | Igna Klynsmith |
| 14 Augustus | - | Karen Thomas |
| 15 Augustus | - | Emmie De Wet |

# bid




**Hongarye**: Bid vir ons Bible Distribution for High Schools and Gypsy Communities-projek, wat die Woord van God aan 14-jarige leerders beskikbaar stel. Baie van hulle bestudeer die Bybel maar besit nie een nie. Bid vir die sigeunerkinders in kleuterskole wat ons Kinderbybels ontvang.

**Moldawië**: Bid vir ons strategiese ontwikkelingsplan om ons bedrywighede en vennootskappe met kerke, Christenorganisasies en plaaslike instellings te verbeter. Bid dat God die personeel en raadslede met wysheid en meer geleenthede vir Bybelwerk sal seën.

**Bulgarye**: Weens ons moeilike verlede het heelwat geslagte sonder die Bybel groot geword. Ekonomiese probleme het verder hiertoe bygedra. Bid dat ons die Bybel vir almal toeganklik kan maak, vir doeltreffende verspreiding en vir harte wat vir die Woord ontvanklik is.

# “Al sou ek al die geloof hê sodat ek berge kan versit ...”




Johannes Calvyn, H.W. Simpson vertaal deur, and vertaal deur Brink C.M.M., Institusie van Die Christelike Godsdiens (Potchefstroom: Calvyn-Jubileum boekefonds, 1984).

Gewoonlik dring hulle Paulus se verklaring aan ons op waar hy sê: “Al sou iemand al die geloof hê sodat hy berge kan versit, maar hy het nie die liefde nie, sou dit hom niks baat nie,” om daarmee die geloof te misvorm deur dit van die liefde te beroof. Hulle merk egter nie op wat die apostel se bedoeling met geloof in die verwysing is nie. In die vorige hoofstuk het hy trouens oor die verskeidenheid gawes van die Gees gepraat en daaronder verskillende soorte tale, kragte en profesie geplaas. Hy het die Korintiërs immers aangespoor om die beste hiervan na te jaag, dit beteken om meer vrug en voordeel vir die hele liggaam van die kerk op te lewer. Daarna voeg hy by dat hy hulle ’n nog uitnemender weg sal wys. Hy bedoel dat, al sou al sulke gawes op sigself uitmuntend wees, dit nogtans van geen waarde geag moet word as dit nie die liefde dien nie. Hy sê tewens dat hierdie gawes tot opbou van die kerk gegee is en as hulle nie daarop toegespits is nie, sal hulle hulle aantreklikheid verloor. Om dit te bewys maak hy van ’n verdeling van die gawes gebruik. Daarin herhaal hy die gawes wat hy tevore vermeld het, maar hier doen hy dit in ander woorde. Onder die woorde kragte en geloof verstaan hy dieselfde, naamlik die vermoë om wondertekens te doen. Aangesien hierdie krag of geloof dus ’n besondere gawe van God is, wat enige goddelose mens kan vat en misbruik net soos die gawe van tale, profesie en ander genadegawes, is dit daarom nie verbasend as dit van die liefde losgemaak word nie. Hulle dwaling is egter ten volle daarin geleë dat, hoewel die woordjie geloof veelsydig is, hulle nie die uiteenlopende betekenisse daarvan in ag neem nie en daaroor twis net asof dit oral in een en dieselfde betekenis opgeneem moet word.

Ter wille van ons onderwysing gee ons toe dat geloof in verskillende vorms kan voorkom. Omdat ons egter wil aantoon wat die aard van die kennis van God onder goddelose mense is, erken en verkondig ons maar net een enkele geloof van godvresende mense, soos die Skrif trouens leer. Baie mense glo dat daar wel ’n God is, en hulle is ook van mening dat die geskiedenis van die evangelie en ander dele van die Skrif waar is. Dit is oor die algemeen ook die oordeel oor gebeurtenisse wat eenmaal plaasgevind het en oorvertel word of wat ons self in lewende lywe gesien het. Tog is daar ook mense wat verder gaan. Hulle beskou God se Woord immers as ’n baie sekere godspraak. Hulle verwaarloos sy gebooie nie heeltemal nie en word in elk geval deur die dreigemente en beloftes daarin beïnvloed. Aan sulke mense word wel geloof toegeskryf, maar net by wyse van woordmisbruik omdat hulle Gods Woord nie met openlike goddeloosheid aanval of minag of verag nie maar eerder ’n skyn van gehoorsaamheid skep.

# G-Om Projek - Wee Care Project

## #verskilmakers

Help ons asb om 'n verskil in die lewe van 'n kind te maak

**Ons nooi ons gemeenskap uit om deel te word van ons projek deur jou tyd en liefde te skenk as vrywilliger by ons kleuterskool.**

Hoekom betrokke raak?

- Jy help om 'n veilige, liefdevolle leeromgewing vir behoeftige kinders te skep.
- Jou betrokkenheid inspireer en bemagtig die jongste leerders in ons gemeenskap.
- Al is dit net drie ure per week, die impak op 'n kind se lewe kan vir ewig wees.

**Geen vorige ondervinding nodig nie - net 'n geduldige hart wat wil help! Ons wys jou alles wat jy as vrywillige tannie-juffrou moet weet.**

Indien jy belangstel of meer wil weet van ons kleuterskool, kontak ons asb! Daar is verskeie maniere hoe jy (en jou vriende of maatskappy) betrokke kan raak by ons aktiwiteite.

Laat ons saam glimlaggies skep en drome bou.

**Kontakbesonderhede:**
**Marieta Herbst: 063 705 0304**
**Christel Herbst: 082 785 2439**

NPO: 050 549
PBO: 930032788 (Article 18A Organisation)







# EENMANSWOONSTEL
# *(BACHELOR'S FLAT)*
# TE HUUR

SLEGS ENKELPERSOON
GEEN TROETELDIERE



R3 500-00 PER MAAND
KONTAK: 071 436 0102